

**Skriflesing:** Hebreërs 7:1-10; Levitikus 16:20-26

Nederlandse Geloofsbelydenis: **Artikel 21**

Teks: **Hebreërs 7:1,3; Levitikus 16:21**

Sing- **Ps. 42:2; Ps. 102:4; Ps. 65:2**

### **Hebreërs 7:1-10;**

**Heb 7:1** Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die

Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het;

**Heb 7:2** aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het—hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede;

**Heb 7:3** sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur.

**Heb 7:4** Let nou op hoe groot hierdie man was, aan wie selfs Abraham, die aartsvader, 'n tiende van die buit gegee het.

**Heb 7:5** Nou het hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang, wel 'n gebod om, volgens die wet, van die volk tiendes te neem, dit is van hulle broers, ofskoon hulle uit die lendene van Abraham voortgekom het;

**Heb 7:6** maar hy wat nie uit hulle sy geslagsregister aflei nie, het van Abraham tiendes geneem en die besitter van die beloftes geseën.

**Heb 7:7** Nou word sonder enige teësprak die mindere deur die meerdere geseën.

**Heb 7:8** En hier neem wel sterflike mense tiendes, maar dáár een van wie getuig word dat hy lewe.

**Heb 7:9** En, om so te sê, het ook Levi wat tiendes ontvang, deur Abraham tiendes gegee;

**Heb 7:10** want hy was nog in die lendene van sy vader toe Melgisédek hom tegemoetgegaan het.

### **Levitikus 16:20-26**

**Lev 16:20** En as hy die versoening van die heiligdom en die tent van samekoms en die altaar voleindig het, moet hy die lewendige bok laat aankom;

**Lev 16:21** en Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; en hy moet dié op die kop van die bok lê en hom deur 'n man wat gereed staan, na die woestyn toe stuur.

**Lev 16:22** So moet die bok dan op hom al hulle ongeregtighede na 'n woeste land wegdra; en hy moet die bok in die woestyn los.

**Lev 16:23** Dan moet Aäron in die tent van samekoms ingaan en die linneklere uittrek wat hy aangetrek het toe hy in die heiligdom ingegaan het, en dit daar neerlê.

**Lev 16:24** En hy moet sy liggaam op 'n heilige plek in die water bad en sy klere aantrek. Dan moet hy uitgaan en sy brandoffer en die brandoffer van die volk berei, om vir hom en vir die volk versoening te doen.

**Lev 16:25** Ook moet hy die vet van die sondoffer op die altaar aan die brand steek.

**Lev 16:26** En hy wat die bok vir Asásel weggedrywe het, moet sy klere was en sy liggaam in die water bad; en daarna mag hy in die laer kom.

### **Artikel 21: Die versoening deur Christus**

Ons glo dat Jesus Christus - kragtens 'n eed - 'n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek. Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort soos die profete dit voorspel het. Want daar staan geskrywe dat *die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom; dat Hy soos 'n lam na die slagplek gelei en by die misdadigers gereken is'* (Jes. 53:5, 7, 9); dat Hy as 'n misdadiger deur Pontius Pilatus veroordeel is al het dié Hom eers onskuldig verklaar. Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie (Ps. 69:5); Hy het na liggaam en siel as regverdige vir onregverdiges gely (1 Pet. 3:18); Hy het die verskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddruppels geword het wat op die grond val (Luk. 22:44),

Pretoria- 15 Maart 2015

en Hy het uitgeroep: *'My God, my God, waarom het U My verlaat'* (Matt. 27:46).

Dit alles het Hy ter wille van die vergewing van ons sondes gely. Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks anders praat nie as oor Jesus Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde (1 Kor. 2:2); dat ons alles as waardeloos beskou, want om Christus Jesus, ons Here, te ken oortref alles in waarde (Filp. 3:8); dat ons volkome vertroosting in sy wonde vind en dat ons nie enige ander middel hoef te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as slegs hierdie een offerande wat net een maal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word (Heb. 10:14).

Dit is dan ook die rede waarom Hy deur die engel van God Jesus, dit is Verlosser, genoem is, want Hy sou sy volk van hulle sondes verlos (Matt. 1:21).

*Ps. 110:4; Heb. 5:10; Rom. 5:8-9; Kol. 2:14; Heb. 2:9, 17; Rom. 4:25; Joh. 15:13; Hand. 2:24; Joh. 3:16; Rom. 8:32; 1 Tim. 1:15; Jes. 53:5, 7; Heb. 9:14; 1 Pet. 2:24; Matt. 15:28; Joh. 18:38; Ps. 69:5; Eks. 12:6; Ps. 22:16; Dan. 9:26; 1 Kor. 2:2; Rom. 5:6; Filp. 2:8; Heb. 9:12; 1 Pet. 1:18-19; Joh. 10:9; Heb. 9:25-26; 10:14; Joh. 5:10; Matt. 1:21; Hand. 4:12; Luk. 1:31.*

**Skriflesing:** Hebreërs 7:1-10; Levitikus 16:20-26

Nederlandse Geloofsbelydenis: **Artikel 21**

Teks: **Hebreërs 7:1,3; Levitikus 16:21**

Sing- **Ps. 42:2; Ps. 102:4; Ps. 65:2**

Broeder en suster- In die vorige artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis het ons oor God se regverdigheid en God se barmhartigheid handel. God het in Christus volkome bewys wat sy geregtigheid en wat sy barmhartigheid vir ons beteken. Dit het ingesluit dat Christus ons menslike natuur moes aanneem. Die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, alleen in die menslike natuur kon daar straf vir die sondes plaasvind. Alleen op die wyse kon daar aan die geregtigheid van God voldoen word.

Ons het erken dat God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon het toe God ons sondelas op Hom gelê het. Daarmee het God se goedheid en barmhartigheid oor ons gekom, dat ons wat skuldig was en wat die ewige vervloeking verdien het, ons wat mense is, ontvang wat ons nooit sou kon ontvang as dit van ons sou afhang nie. God se volmaakte liefde wat met sy volkome barmhartigheid saamhang, ja wanneer Christus sterf dan het Hy vir ons betaal. Aan die einde van art 20 Nederlandse Geloofsbelydenis het ons verder bely- **Christus is ook tot ons regverdiging opgewek sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê.** Dit is baie groot en heerlik, so allesomvattend wat Art 20 vir ons saambring.

\*\*\*

Dan wil dit lyk art 21 Nederlandse Geloofsbelydenis laat art 20 net nog duideliker spreek. Ja, tot by art 26 handel dit alles oor Christus. Dit is asof die volkome geregtigheid wat daar in Christus is eintlik nou soos met 'n brood gemaak kan word, dit word stukkies vir stukkies opgebreek. Die Nagmaal wil in sy viering dit nie anders doen nie. Ons kan amper krummel

vir krummel God se groot genade, God se barmhartigheid, God se liefde in sy Seun sien werk. Dit kom al duideliker na vore.

\*\*\*

Daarom dat art 21 Nederlandse Geloofsbelydenis in alles wil wys hoe Christus by die volle som wat Hy betaal het, kon uitkom. As Koning, as Profeet maar veral ook as Priester het Hy voor God moes kom. In besonder begin die Nederlandse Geloofsbelydenis deur te wys op Christus se Hoëpriesterlike werk. Christus het as Hoëpriester moes dien. As Hy nie Hoëpriester was nie, sou Hy nie vir ons kon betaal nie. Dan as u mooi hierna kyk dan gaan dit om Christus as Hoëpriester eintlik om twee dinge. Hoe Hy alleen so 'n Hoëpriester kon wees, in die sin is Hy 'n enige Hoëpriester, maar Hy is ook ewige Hoëpriester. Enig en ewig... Die baie belangrike saak wat in Christus gesien moet word, is dat Hy gebore uit die stam van Juda nie aanspraak kon maak op 'n hoëpriesterlike familie nie. God het baie lank reeds dit bepaal dat die nageslag van Levi hulle is die priesterlike geslag. So weet ons het Aäron hoëpriester kon word, dit wat weer op sy seuns kon oorgaan (vgl. Eks.28 ev, ook Lev.8:7-12). Alleen die nageslag van Levi sou deur die opeenvolging van geslagte as hoëpriesters kon dien.

In hierdie opsig het Christus nie kon kwalifiseer om Hoëpriester te wees nie. Dit gee die diepte van art 21 ons duidelik mee dat Christus dan juis nie volgens die orde van Aaron Hoëpriester kon wees nie, maar het God dit 'n nog groter aanstelling gemaak. Christus het ons Hoëpriester kon word volgens die orde van Melgisedek. Ja, hier gaan dit om wat ons in Hebreërs 7 lees, alles in aansluiting met wat in Gen. 14:18-24 staan maar ook Psalm 110.

\*\*\*

Melgisedek het die priesterskap ontvang nie vanweë sy voorgeslagte nie, dit wat kragtens geboorte hom kon toekom nie. Melgisedek weet ons nie wie sy vader was nie, net so min sy moeder, sy geslagsregister is totaal onbekend, maar het God in Melgisedek 'n persoon aangestel wat profeet, priester en koning kon wees, sondat dat ons enigiets meer van hom weet. Ons kan sê in Melgisedek het God 'n unieke orde en 'n nuwe orde daargestel. Melgisedek kom in lyn met wat Jesus Christus ons Hoëpriester kan maak. Christus het in hierdie orde waarin Melgisedek staan ons Hoëpriester kon word, wat in alle opsigte dan saamhang met wat van 'n priester verwag kan word. 'n Priester wat altyd die plek tussen die heilige God en die sondige mens moet kon inneem. Dit wat ons in Eksodus 28 lees, ook in Levitikus 10:11 waar die priester die verantwoordelikheid dra om te offer. Hierop lê art 21 dan besondere klem dat daar 'n offer gebring moes word.

\*\*\*

Ja, ons moet weer teruggaan na die Ou Testament, veral dan Levitikus 16 waar daar op die groot Versoendag deur Aaron 'n bok afgesonder moes word. Dan lees ons in Lev. 16:21- **21** *en Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; en hy moet dié op die kop van die bok lê en hom deur 'n man wat gereed staan, na die woestyn toe stuur.* In hierdie handeling het Aaron eintlik die posisie van die hele volk ingeneem en het hy namens die volk die sonde van die hele volk na die bok oorgedra. Die bok wat dan die sonde van die volk moes dra is direk hierna die woestyn ingejaag. Broeder en suster hierdie aangrypende gebeure, wys op die groot gebeurtenisse wat al duideliker en duideliker op Christus sou saamtrek. Die woestyn wys daar waar Satan die botoon wil voer, alles in skrilte kontras met die tuin wat God aan die begin daargestel het. Die tuin wat dui op God se teenwoordigheid, God se heerlike versorging aan die werk, terwyl die woestyn dui op leegheid, op dorheid, ja direk na Jesus se doop is Hy die woestyn in, deur die Gees daartoe gelei waar Hy onder die versoekinge van Satan staande moes bly. Dit is eintlik om simbolies die hel in te beweeg. Die hel waar God nie is nie en waar Satan die pas wil aangee. Dit is alles hel.

Geliefdes, wanneer art 21 Nederlandse Geloofsbelydenis dan hiermee in lyn kom dan gaan dit oor ALLES wat Christus in die woestyn van sy lewe vir ons moes kom offer. Die goue draad, die sentrale lyn wat heelyd hier deurweef word, is die feit dat Hy alles doen, in ons plek. Hy kom dra die straf wat daar op ons moes kom. Die straf wat ons weet die vonnis is die dood. Rom 6:23 staan- **23** *Want die loon van die sonde is die dood...* Presies dit wat God in Gen. 2:17 al gesê het- **17** *maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.* Die mens het geëet, daarom die straf sal wees wat God gesê het- **JY SAL SEKERLIK STERWE...DIE LOON VAN DIE SONDE IS DIE DOOD...**

Die slagting van elke dier, daardie stomme bok wat die woestyn moet in om daar dood te gaan, al hierdie baie en baie offers wat daar in die Ou Testament was, die bloed wat mens nie kan bereken hoe baie bloed van diere het daar in die Ou Testament gevloei, dit omdat die mens gesondig het. Die straf wat op die mens moes wees het op die diere gekom, vir baie eeue lank. Tog besef ons dit sou nie so kon aanhou en aanhou nie. Die dier betaal simbolies, dis 'n oordrag-betaling, 'n soort van skadu-betaling, 'n tydelike plaasvervanging, maar dit

moes almal weet, die diere kan nie waarlik vir altyd betaal nie. Elke dier wat geoffer is, het eintlik dit uitgeblêr, die Een wat werklik kan betaal, Hy is nie hier nie, Hy was in die Ou Testament nog nie daar as Mens om as Lam geslag te word en vir ons sonde te betaal nie. God se geregtigheid het vir lank op die geslagte diere kom rus, maar dit sou nooit op hierdie diere tot rus kon kom nie. Daarvoor sou daar 'n groter prys betaal moes word, die volmaakte prys wat niemand sou kon betaal, dit was die prys wat daar heeltyd na gesoek moes word. Sonde is altyd baie ernstig, daarmee word God se toorn opgewek, God sal straf, want sonde kan nie ongestraf bly nie. Dit is in die paradys al so duidelik uitgespel. Om werklik een te vind wat vir die sonde kon betaal sou nie minder ernstig kan wees nie. Daarom was dit met die slagting onder die diere dan ook altyd van die beste onder die vee, of onder die beeste wat geoffer moes word. Dit moet wees diere sonder gebrek, want wie dink om aan God die afskeep te offer, sou daarvoor ook nie verskoon word nie. Die sonde raak dan al erger binne die sonde vasgevang as iemand dit wil doen. Niemand wat God kan mislei, bedrieg of eenvoudig dink ek kan dit maar ignoreer nie. Daarvoor het Israel dikwels tot hulle eie skade en skande net nog weer dieper weggesak.

Elke keer wat 'n priester moes kom om hierdie offers aan God te bring, dan was letterlik alles wat ons tot nou hier moes oopstel, op die altaar blootgelê. Wanneer die Nederlandse Geloofsbelydenis dan Jesaja 53 eintlik so breedvoerig aanhaal dan besef ons Jesus kom in die plek waar die diere die plek moes inneem, maar die groter genade is, nie die genade dat die diere nie meer so geslag sal word om te betaal as offer nie, maar Jesus wat nog altyd God was kom in die plek van die mens en Hy betaal as Mens, volmaakte, volkome Mens, maar soos 'n dier moet Hy ly en geslag word om die werklike betaling, die finale, die volle betaling was nou op Hom. Ons lees Jesaja 53:5-7 *5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. 6 Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom. 7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.*

Wie is daar wat dit nie raaksien nie. Dit is tog duidelik- Dit alles wat ons as mense gesondig het, word Hom nou toegereken, asof Hy gesondig het, Hy staan in ons plek, met die skuld wat nie Syne is nie, maar wat Hy die skuld wel alles op Hom neem. Daardie diepe saak wat

ons noem Hy staan as Borg in ons plek. hierdie geborge en geborgde optrede word 'n totaal nuwe prys, maar dis nou die volle prys, die hele som wat Hy gaan betaal, wat ons nie eers kan bereken werklik hoe groot die prys was wat Hy moes betaal nie. In vers 10 van Jesaja 53 kom dit net nog weer duideliker uit- *10 Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees.*

Jesus moes teruggee wat Hy nie geroof het nie (Ps69:5), Hy het gely soos niemand nog gely het nie, dit moet ons in die naderende Paastyd maar weereens goed beseef, dit alles na liggaam en siel. Hoor hoe konkreet stel ons belydenis dit- **sodat sy sweet soos bloeddruppels geword het wat op die grond val (Luk. 22:44), en Hy het uitgeroep: 'My God, my God, waarom het U My verlaat' (Matt. 27:46).**

Geliefdes, daarom as ons hierdie diepe lyding, byvoeg by die beseef, dit was die hoogste prys, ons sou dit moes betaal, wat ons op geen manier sou kon doen nie, dan het art 21 Nederlandse Geloofsbelydenis deurgedring. Christus wat Self die Lam moes word wat die sonde wegneem- Joh. 1:29- sien Johannes die Doper Hom daar staan en dan is dit presies hierdie Johannes se woorde- *Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!*

In die slotdele van art 21 Nederlandse Geloofsbelydenis staan die impak en die omvang reël na reël vasgevang tot 'n bloeiende belydenis. Dit is heelyd as mens hier lees of jy Christus voor jou sien bloei, maar Hy bloei nie maar net nie, Hy bloei vir jou en vir my, Hy bloei in ons plek. Hy wat so onskuldig was, as regverdige het Hy gely. Selfs Pilatus, die heiden, hy en sy vrou, Pilatus se vrou was Claudia Prokula, hierdie egpaar beseef sy onskuld. Pilatus wat sy hande gewas het, sy vrou wat gedroom het, man en vrou uit die heidendom laat dit hoor, Hy is onskuldig... Die vrou wat haar man laat weet- *moet tog niks met hierdie onskuldige man te doen hê nie...* 'n rukkie later daardie dag maak die man asof hy sy skuld met 'n handewas in die openbaar kan afwas, die feit is Christus is onskuldig, dit wou die berge uitroep. Man en vrou beseef die onskuld maar hulle verstar in hulle heidense geloof in die diepe heidendom, want sal ons later kom by art 22 Nederlandse Geloofsbelydenis dan is die volgende stap na art 21 om Christus en al sy weldade te omhels. In die geloof moet die dinge wat ons reeds hier uitspel omhels kan word.

Ons besef die groot dinge in hierdie artikel is die feit dat Christus ordelik volgens die orde van Melgisedek ons Hoëpriester is. Dit maak Hom 'n ewige Priester, die hoogste wat daar kan wees. Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Hy die onskuldige is as misdadiger behandel. Sy hande wat mense kon voed, mense kon seën, Hy maak mense gesond, selfs in die skaduwee van die kruis genees Hy nog eers weer die oor van Malchus wat Petrus beskadig het, Jesus se hande is in alles net goed, Hy het net die goeie wou doen, sulke hande het mense aan die kruis geslaan, waar hulle dit eers geboei na die kruis opgetrek het. As mense praat van hierdie is 'n misdaad teen die mensdom, wat bedoel hulle nou eintlik, die misdaad deur die mensdom gepleeg is baie groter as wat mense dink om te praat van 'n misdaad teen die mensdom. Eintlik is die mensdom op geen manier verskoonbaar teen wat alles die mensdom tref nie. Dit is eenvoudig net ons skuld dat ons so skuldig is, maar Christus kom en maak nie ons skuld minder nie, Hy kom en neem ons skuld weg. Wie kan dit verstaan, wie kan dit bereken, niemand nie?!

Christus het as Regverdige gely, sy bloed het op die aarde gedrup, dat ons wel besef as Esegïël in die nuwe Jerusalem die priesters beskryf dan staan daar in Eseg. 44:18 iets besonders. *18 Linne-hoofversiersels moet op hulle hoof wees en linnebroeke moet aan hulle heupe wees; hulle mag hul nie gord met iets wat laat sweet nie...* Christus was 'n Hoëpriester wie se sweetdruppels soos bloed Hom afgestroom het, Esegïël sien in 'n profesie, 'n vêrgesig, priesters wat gewyde koel klere mag aantrek, 'n gord wat hulle moet aanbind, wat hulle nie moet laat sweet nie. Ons besef Christus se sweet wat op die grond val het die sweet, het die vloek van die aarde wou kom afwas. Ons sweet en ons bloed wat altyd maar op 'n manier aanmekaar gebonde bly, alleen in Christus kan hier 'n skeiding kom. Dan werk ek nie swetende om te eet nie, maar ek werk omdat ek reeds geëet het en dit nie swetende nie. Die sweet en die bloed roep dan nie meer so uitmergelend na mekaar nie, want Christus het klaar sy sweet bloed laat word, dat u en my bloed sonder sweet ons werk kan doen. Op die nuwe aarde sal dit so wees.

Ons wil in hierdie artikel afsluit met al die groot dinge wat Christus kom doen het, in die woorde wat Paulus ook die groot dinge mee kon saamvat- Christus en Hom as die Gekruisigde is waaroor dit alles gaan. 2 Kor. 2:2- *2 want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.* Ja, dit gaan alles om hierdie Jesus, al was Hy nog 'n babatjie, toe het sy aardse pa Hom as so genoem, Jesus, want het die engel vir Josef gesê, dit is wat ons Hom moet noem, Jesus wat Verlosser

Pretoria- 15 Maart 2015

beteken. Wat Hy genoem sou word, dit is Hy, Hy is Verlosser, van die begin af, soos die Nederlandse Geloofsbelydenis dit stel, *Hy sou volk van hulle sondes verlos...*

AMEN